# GOD DIE ALMAGTIGE STUUR

# SY SEUN IN DIE WêRELD

# SODAT ONS KON GLO!

God die Almagtige het uitbeweeg in en deur Sy Seun Jesus Christus om die onsigbare `n sigbare werklikheid vir die mensdom te kon maak. Jesus verklaar dat God Gees is (Jn 4.24) en om hierdie rede was Christus Jesus as Pad na God se Troon aangewys. "Die LEWE is in die Seun van God" (1 Jn 5.12) en Jesus self verklaar: "Ek is die WEG, die WAARHEID en die LEWE" (Jn 14.26). Niemand kom dan, soos wat Jesus dit tereg verklaar in die vier Evangelies na die Vader toe behalwe deur Hom nie!

Om dan hierdie werklikheid en absolute waarheid van God se Woord te kan raakvat moet ons notisie neem van die Ou Testamentiese geskrifte want in hierdie heilige Skrifte is Christus in Sy voormenslike bestaan verskuil. Om dit te negeer, is om jou eie Pad na die Troon van die enige ware God self te versper! Jesus het ook verklaar : "Soek en jy SAL vind!" Asook, "Klop en vir jou SAL oopgemaak word! Bid en jy SAL ontvang!"

Dit is dan hierdie tipe waarheid wat ons wat Jesus as die Christus
(die Messias) bely, inderdaad tot ons beskikking het. Al wat onsself moet doen om by hierdie water van lewe uit te kan kom, is om te luister met begrip, dit is met oorgawe en in gehoorsaamheid. Ons moet onsself dan oorgee aan God want Johannes die Doper wie as profeet geroep was om as voorloper van Jesus op te tree, verklaar so treffend toe hy die Woord op die walle van die Jordaanrivier in Israel verkondig het: "Daar is die Lam van God!" (Jn 1.36).

En hierdie Lam van God was dan waarlik die Paaslam wat vir ons geoffer was op Golgotha want die wereld het gewag op `n volmaakte bloedoffer. Sonder die storting van bloed is daar geen vergiffenis van sonde nie want sonde kleef aan die siel van die mens sedert Kain sy broer, Abel doodgeslaan het en die regverdige een (Abel) se bloed vanuit die aarde tot God geroep het (Gen. 4; Lev. 17.11).

God het dan vanaf die vroegste tye vir die mens wat geneig het tot sonde en verval van die

Skepper, dit is vanaf die begin en toe Adam en Eva teen God gesondig het deur ongehoorsaamheid, wette en voorskrifte gegee en sodat die mens tussen kwaad en goed kon onderskei (Lev. 19). Maar omrede almal wat die heilige voorskrifte van God ontvang het, in die sonde van afvalligheid en ongehoorsaamheid voortgeleef het, moes God Sy Seun in die vlees gestuur het om "sondaars tot bekering te roep!" (Fil. 2, Jn 1, Gal. 4; 1 Tim. 1.15).

Die heilig gebore Seun van God het toe op die profetiese woord vanuit die Ou Verbond die mens se verhouding met God die Almagtige, die onsienlike, ewige God en Vader van Jesus, herstel (Rom. 15.7; Rom. 14.17-18).

Rom. 8.3 : "Want God (die Vader van Jesus Christus) het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees (dit kon nie verlossing van die sondige mens bring nie) deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur (Jesus moes met ander woorde met vlees beklee word en vir `n spesifieke doel), en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees."

Wat verklaar Paulus hier vir ons met betrekking tot die Wet wat wel gegee was om die mens te kon help om in God te glo ook om homself aan God se almag te onderwerp deur gehoorsaamheid aan God wie Homself op sigbare wyse aan Moses geopenbaar het (Eks. 3)? Kom ons kyk na die volgende:

God was inderdaad geopenbaar in en deur daardie Een wat in die braambos so kennelik en sigbaar (!) aan Moses verskyn het en wie later ook die volledige wette en voorskrifte wat onderhou moes word, aan die volk bekend gemaak het op die aard van die braambosverskyning van die Verbondmaker (die "Engeleboodskapper van die Here" - Eks.3).

Nogtans en afgesien van die wonderlike wyse waarop God die Wet en al sy voorskrifte aan Moses gegee het, kon die Wet en al die wettiese voorskrifte nie volhoubaar red nie want die mens was inherent sondig en om hierdie rede moes die Verbondmaker self vlees geword het om in Sy vleesgeworde liggaam ewigdurende saligheid vir die mens tot volheid te kon bring (Heb. 9.14).

Kyk hoe wys die Apostel Paulus ons op die samevatting van die ganse Wet van Moses in en deur Jesus Christus, die vleesgeworde Seun van God: Rom. 8.4: " Sodat die reg van die wet vervul kon word (!) in ons wat nie na die vlees wandel nie maar na die Gees."

Hierdie apostel was dan ook deur God gebruik om hierdie dikwels onverklaarbare saak vir ons op te klaar en sodat ons sou kon begryp waarom Jesus Christus in die vlees moes gekom het.

Paulus wys ons dan om `n baie goeie rede op hierdie omskakeling, dit is vanaf die blote AANHOOR van wettiese voorskrifte soos wat dit dikwels en in die algemeen onder die Ou Verbond-bedeling gegaan het, dit is teenoor die UITVOERING van God se voorskrifte met behulp van Jesus Christus se verlossingswerk aan die Kruis en wat toe die sondige mens bemagtig het

om die moeilike voorskrifte van God te kon gehoorsaam.

Hierdie tipe vrywillige gehoorsaamheid aan God het dan vir die gevalle mens `n werklikheid geword in en deur die koms van Jesus Christus in die vlees (Fil. 2). Net deur die Kruis van Jesus Christus sou die sondige mens dan homself kon verbind het tot volle gehoorsaamheid aan God!

Jesus Christus het dan vir ons die Wet van Moses volkome tot vervulling gebring in Sy eie vlees (Mat. 5.17). Hy was viervoudig aan die kruis vasgenael om die volmaakte bloedoffer te kon bring en waarsonder geen mens gered kon word nie (Joh. 3.16; Heb. 9.14). Hy het die wet in hierdie tipe tsitsit-toewyding volkome vervul* Deur Sy kruisdood het Jesus Christus met ander woorde die ware LEWE, dit is deur die Gees van God wat die mens in die Tuin van Eden verloor het deur sy ongehoorsaamheid, weereens in die mens herstel!

Almal wat dan deur Jesus Christus na God die Vader toe kom, kan aanspraak maak op WEDERGEBOORTE - om nuut gebore te word en om met `n skoon siel voor God te kan lewe omrede ons sonde nou deur hierdie volmaakte bloedoffer weggewas word (1 Joh. 1.7-9).

Luister goed wat Paulus, God se gesalfde, aan ons verklaar oor hierdie baie belangrike saak: (Rom. 8.5): "Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge (=sondige dinge), maar die wat geestelik is (=diegene wat kan aanspraak maak op die wedergeboorte deur Jesus Christus se kruisdood) bedink geestelike dinge (=dit is dan almal wat God wil behaag en op wie se harte die voorskrifte van God geskryf is (Heb. 4).

Paulus verklaar dan baie duidelik vir ons in Rom. 8.8 dat almal wat in die vlees is (=almal wat vleeslikgesind is en wie hulle nie tot God wil bekeer nie) God nooit sal kan behaag nie! Om hierdie rede verduidelik hy dan ook vir ons hierdie saak en sodat ons die volgende baie goed kan begryp:

(Rom. 8.10): "Maar as Christus in julle is, dan is die ligggaam dood vanwee (=vir) die sonde (=ons sondige, vleeslike bestaan is dan dood en ons wil dan ook nie meer die sonde doen nie omrede die sonde ons van God skei) "... MAAR (Paulus voltooi dan die prentjie vir ons deur sy daarop volgende verklaring : "....die Gees (van God) is LEWE vanwee die geregtigheid (=omdat ons nou in geregtigheid lewe, dit is om in die regte verhouding tot God te staan en om dan te doen wat Hy van ons verlang, sal ons nie meer in die sonde wil bly nie want die wat volgehoue sondig, kan nie aanspraak maak op God se LEWE nie! (1 Joh. 1).

Ons het dan die Gees van God deur die wedergeboorte nodig om in die LEWE van God te kan deelneem. En omdat Jesus Christus LEWE en WAARHEID is, is Hy die enigste pad na God toe want Hy is dan ook die enigste een wat die volmaakte bloedoffer kon bring en wat inderdaad in staat was om die mens se siel te kon reinig (Joh. 1).

Hy is dan die LIG van die wereld wat vlees geword het - Hy het uit Sy hemelse woonplek uitbeweeg om die gevalle mens te kon red van gewisse en totale ondergang! Deur Hom, Jesus,

ontvang ons dan die Gees van God (Joh. 15.26).

Dit  is dan Jesus  wat die Heilige Gees in die Bovertrek uitgestort het en wat die mens in staat gestel het om in hierdie hemelse ervaring te kan deel tot vandag toe want die belofte was vir almal, die wat teenwoordig was toe Petrus sy toespraak gelewer het na die uitstorting van die Heilige Gees,  sowel as "die wat daar ver is", naamlik almal wat nog na hulle deur die Kruis tot God sou kom  (Hand. 2.33). Jesus het dan die Heilige Gees wat waaragtige LEWE is, aan die mens gegee!

Alles word natuurlik vir ons saamgevat in Rom. 8.11:  "En as die Gees van Hom (=God die Vader) wat Jesus uit die dode opgewek het.... (=Jesus is deur Sy Vader uit die dood opgewek, dit is nadat Hy vir die sondes van die wereld gekruisig was, Rom. 1.4) "..... , ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon."

Ons sterflike liggame (=die sondige bestaan/natuur van die mens)  word dan, deur die wedergeboorte, LEWEND gemaak deur die Gees van God wat ons ook deur bekering en deur wedergeboorte van God ontvang. Almal wat dan op hierdie wyse gered is, is inderdaad "kinders van God" en dit is hulle wat kan aanspraak maak op LEWE in en deur Jesus Christus,  die vleesgeworde Seun van God!

IN SAMEVATTING:

Die gevalle mens kan dan nie sonder `n bloedoffer vrygespreek word deur God nie en om hierdie rede het Jesus Christus Sy hemelse heerlikheid verlaat om onder ons te kon woon (Hy het vlees geword om ons onthalwe) want sonder Sy kruisdood sou die gevalle mens wat meer tot die kwaad as tot die goeie neig, dit is  vanaf die begin van die skepping van God, nooit gered kon word nie!

Ons moet ons dan bekeer tot God - ons moet ons rug op die sonde en `n sondige bestaan keer  en notisie neem van God se voorskrifte wat Hy aan ons in die Ou sowel as die Nuwe Testament oordra want net deur ware bekering kan ons nuut gebore word en sodra ons nuut gebore is, sal God ons volgehoue (volhoubaar gemaak deur die Kruis van Jesus)  met Sy Gees versterk en sodat ons God sal kan behaag in ons daaglikse lewe (Fil. 2).

Waar daar dan `n wil is, is daar `n weg!

Ester Blomerus
www.housealtarnetwork.com
2015/05/13

*Lees gerus die artikel van hierdie skrywer op die gekwoteerde web, dit is oor die tsitsit. Luister na "The Purpose of the Cross" met bykomstige notas.

Indien u seën uit hierdie aanbieding ontvang het, vertel asseblief vir gelowiges, of dan almal wat

graag deel wil neem aan Christus, Sy wonderlike liefde en genadeboodskap, van ons webwerf. Bid ook asseblief vir almal wat daarby betrokke is sodat die Woord van God siele kan bereik. Ons deel alles wat ons doen gratis met almal wat belangstel om deel te kan he aan verlossing in en deur Jesus Christus, ons dierbare Heiland!  Ek sê aan almal wat ons getrou ondersteun, "Blessings in die Name of the Lord!" Help ons waar julle  kan om ons roeping tot volle wasdom te kan bring!